

Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



Gesinserediens saamgestel deur:
Dr. Ernst Endres – 13 Desember 2020

1. VOTUM

Dié wat op die Here vertrou,
is soos Sionsberg
wat nie wankel nie
en altyd vas bly staan.
²Soos die berge Jerusalem
aan alle kante beskerm,
so beskerm die Here sy volk,
nou en vir altyd.

2. SEËNGROET

Aan die gemeente van God en
aan almal wat aan die Here behoort
²Genade en vrede vir julle
van God ons Vader en die Here Jesus Christus!

3. SKRIFLESING EN GEBED.

Skriflesing: 1 Timoteus 4:12

Tema: 'n Smeulende kooltjie begin weer brand. (Die gawe van vertroosting).

Veelkleurige beproewing en genade.

- Petrus verwys na die verskillende vorme van swaarkry en genade as *veelkleurige* beproewings (16:) en *veelkleurige* genade (4:10).
- Vir elke vorm van swaarkry is, is daar 'n vorm van genade. God maak van die gawe van (1) opbou, (2) bemoediging en (3) **vertroosting** gebruik om mense in nood by te staan en tot genesing te lei.



Gawe van vertroosting: paramuthia

- Die woord “paramuthia” beteken “to speak to someone in a friendly manner: to encourage, to spur on, to inspire, stimulus, to inspire with courage”.

Die lewe is genadeloos en mense knak onder druk en die eise van die lewe. Die gevaar bestaan dat iemand wat geknak het, heeltemaal van die radar van die lewe kan verdwyn. Wanneer jy knak het jy iemand nodig wat op 'n sagte vriendelike wyse jou motiveer, inspireer, stimuleer en aanmoedig om van vooraf in jouself te glo en aan te gaan met jou lewe. Timoteus het onder druk geknak en Paulus word dié een wat hom op 'n vriendelike wyse bystaan en aanmoedig om van vooraf in homself te glo en aan te gaan met sy lewe.

Timoteus

Die verhaal van Timoteus begin in Handeling 16 op die tweede sendingreis van Paulus en Silas,

“Paulus het in Derbe gekom en daarna in Listra. Dáár was 'n gelowige met die naam Timoteus. Sy ma, ook 'n gelowige, was 'n Joodse vrou en sy pa 'n Griek. ²Die gelowiges in Listra en Ikonium het net goed van hom gepraat. ³Omdat Paulus vir Timoteus met hom wou saamneem, het hy hom besny. Dit het hy gedoen ter wille van die Jode wat in daardie gebied gewoon het, want hulle het almal geweet sy pa is 'n Griek.”

Hy het 'n permanente metgesel van Paulus geword en Paulus het hom later in sy plek na verskillende gemeentes gestuur. Hy het geen amptelike opleiding gehad nie en het as Paulus se woordvoerder opgetree. Paulus het hom na Efese gestuur, maar dis hier waar sake vir Timoteus begin skeefloop het. Die gemeentelede in Efese het om verskeie redes op hom neergekyk. Paulus skryf by twee geleenthede dat gelowiges nie op hom moet neersien nie,

“Wanneer Timoteus kom, moet julle hom by julle laat tuis voel, want net soos ek, doen hy ook die werk van die Here. Niemand moet op hom neersien nie. Julle moet hom help om sy reis in vrede voort te sit sodat hy na my toe kan kom”. (1 Kor 16:10,11) en

“Niemand mag op jou neersien omdat jy jonk is nie”. (1 Timoteus 4:12)



1. Vier vorme van druk: 'neersien'.

"Niemand mag op jou neersien omdat jy jonk is nie" (1 Timoteus 4:12)

Neersien. "To feel contempt for someone or something because it is thought to be bad or without value; to despise, to scorn, to look down on."

- **Sy afkoms tel teen hom: sy moeder was 'n Jodin en sy vader 'n Griek.**

"Paulus het in Derbe gekom en daarna in Listra. Dáár was 'n gelowige met die naam Timoteus. Sy ma, ook 'n gelowige, was 'n Joodse vrou en sy pa 'n Griek". (Handelinge 16)

- **Hy was week van hart, skaam en skugter**

"Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie; Jy moenie skaam wees om die boodskap van die Here te verkondig nie; en moet jou ook nie skaam vir my wat om sy ontwil 'n gevangene is nie. Inteendeel, dra jou deel van die ontberings vir die evangelie met die krag wat God jou gee." (2 Tim 1:7 en 8)

Gees van vreesagtigheid. A state of fear because of a lack of courage or moral strength—'cowardice, timidity.' For God has not given us a spirit of timidity' or '... a spirit of cowardice' 2 Tm 1:7. 'Cowardice' is often rendered by means of an idiom, for example, 'to have a fallen heart,' 'to have a soft heart,' or 'one's heart has disappeared.'

Hy het twee dinamiese voorgangers gehad, Apollos en Paulus. Timoteus is die heelyd met die twee vergelyk en hy kon nie eintlik in hulle skoene staan nie:

- **Apollos, die dinamiese prediker.**

"Intussen het daar 'n Jood met die naam Apollos, wat in Aleksandrië gebore is, in Efese aangekom. Hy was 'n begaafde spreker met 'n deeglike kennis van die Skrif. ²⁵Hy het in die leer van die Here onderrig ontvang en het met groot geesdrif gepraat". (Handelinge 18:24-28)

- **Paulus, die intellektuele reus.**

"Terwyl Paulus hom nog so verdedig, skreeu Festus: "Jy's mal, Paulus! jou groot geleerdheid maak jou mal!" (Handelinge 26:1-28)



“So het ons geliefde broer Paulus immers ook met die wysheid wat aan hom gegee is, aan julle geskrywe. Hy skryf dit ook in al sy briewe waarin hy oor hierdie saak handel. Daar is dinge in sy briewe wat moeilik is om te verstaan.”(2 Petrus 3:15,16)

2. Timoteus knak onder al die druk: ‘verwaarloos’

- **Verloor fokus in sy werk.**

“Totdat ek kom, moet jy jou daarop **toelê** om uit die Skrif voor te lees, te preek en onderrig te gee.” (1 Timoteus 4:13)

Toelê: to continue with close attention and devotion; to continue to give oneself to, to continue to apply oneself to.

- **Hy twyfel aan sy vermoëns.**

“Moenie die genadegawe wat jy het, **verwaarloos** nie. Dit is aan jou gegee deur die profesieë toe die raad van ouderlinge jou die hande opgelê het.”(1 Timoteus 4:14)

Verwaarloos: ‘to neglect, to disregard, to pay no attention to.

- **Sy persoonlike lewe is rigtingloos.**

“Lê jou op hierdie dinge toe, leef daarin, sodat almal jou vordering kan sien. Let goed op jou lewe en jou leer, volhard daarin, want deur dit te doen, sal jy jouself red sowel as dié wat na jou luister.” (1 Timoteus 4:15,16)

- **Sy gesondheid het onder al die druk begin ly.**

“Moenie langer net water drink nie. Gebruik ’n bietjie wyn vir die maag en vir jou herhaalde ongesteldhede.” (1 Timoteus 5:23)

DIE VUUR IN TIMOTEUS IS GEBLUS EN HY HET ALLE ENTOESIASME VIR DIE LEWE VERLOOR

3. Paulus begin om die vlam van entoesiasme aan te wakker. (2 Tim 1:2-7)

Timoteus het begin knak onder al die druk. Paulus begin om hom op ’n vriendelike manier aan te moedig, te inspireer en te stimuleer om met sy lewe en werk voort



te gaan. Hy het saggies op die smeulende kole begin blaas om die vuur in Timoteus weer aan die gang te kry.

Paramuthia. Speak in a friendly manner: to encourage, to spur on, to inspire, stimulus, to inspire with courage.

- **Voel verwerp - verseker hom van sy liefde**
“Aan Timoteus, my eie kind in die geloof”. (1 Timoteus 1:2)
“Aan Timoteus, my geliefde seun”. (2 Timoteus 1:2)
- **Niemand dink aan my- jy is permanent in my gedagtes.**
“Ek dank God, wat ek net soos my voorouers met ’n skoon gewete dien, wanneer ek onophoudelik dag en nag in my gebede aan jou dink.” (2 Timoteus 1:3)
- **Die krag van aangename herinneringe - goeie tye saamgehad.**
“Ek onthou jou afskeidstrane en wil jou baie graag weer sien. Dit sal vir my ’n groot vreugde wees.” (2 Timoteus 1:4)
- **Oorval van twyfel – jy is ’n gelowige.**
“Ek dink ook aan jou opregte geloof, dieselfde geloof wat al in jou ouma Loïs en in jou ma Eunice was, en wat, daarvan is ek oortuig, ook in jou is.” (2 Timoteus 1:5)
- **Die smeulende kooltjie word ’n vlam – begaafde mens.**
“Om hierdie rede herinner ek jou daaraan dat jy die genadegawe wat God jou gegee het toe ek jou die hande opgelê het, soos ’n vuur weer moet aanblaas.” (2 Timoteus 1:6)

Vuur aanblaas. 1) of fire rekindle, fan into flame; (2) cause to regain strength, revive; of reviving the gift that is in danger of becoming completely inactive reactivate, revitalize (2T 1:6)

4. **Die gawe van paramuthia: ’n smeulende kooltjie begin weer brand.**
Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing. (2 Timoteus 1:7)



- **‘n Skaam, skugter jong man, word ‘n dinamiese leier met vuur in sy innerlike!**
“Julle weet seker al dat ons broer Timoteus vrygelaat is.” (Hebreërs 13:23)

- **Die dood van Timoteus.**

Hy sterf ‘n geweldadige dood op 22 Januarie 97 nC. in Efese tydens die heidense Katagogia fees op die ouderdom van 80. Gedurende hierdie fees het die heidene vrouens gewelddadig behandel en Timoteus het voor die skare ingespring om die vrouens te beskerm. By die geleentheid is hy deur die historiese massa doodgeslaan. Polycarpus skryf die volgende oor die dood van Timoteus,

“St. Timothy's courage was to become contagious as many martyrs were to follow in his example throughout Christianity. His courage did not show fear.” (Polycrates 150 nC)

‘n Skaam, skugter, teruggetrokke jong man word ‘n leier wat deur ‘n gees van krag (boldness), liefde (outgoing) en selfbeheersing (selfcontrol) gekenmerk word. Hy word die rolmodel van christenmartelare.

AMEN!

4. SEËNBEDE

¹⁷Die Here jou God is by jou,
Hy, die krygsman wat red.
Hy is vol vreugde oor jou,
Hy is stil-tevrede in sy liefde.
Hy jubel en juig oor jou.

5. OFFERGAWE

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer.

U as gesin kan EFT, of snapsan of via payfast in betaal.



NG Wonderpark.
Absa Tjekrekening 1460165489
Takkode:632005
Verwysing: Dankoffer

